# laat dit seën Reën

## 82ste JAARVERSLAG (2017-18)



CMR SC
Ons gee hoop
We give hope

save a child
red ń kind



Die lewe gaan nie oor om te wag vir die storms om verby te gaan nie, dit gaan daaroor om te leer dans in die reën.

# Inhoudsopgawe


Visie en Missie 3
Voorsittersverslag 4
Direkteursboodskap 5
Het Jy Geweet? 6
Programme Van Hoop 7
Gesinsbewaring 8
Kinderbeskerming 9
Armoedeverligting en Gemeenskapsontwikkeling 10 - 11
Fotoblad 12 - 13
Storie van hoop 14 - 15
Bemarkingsverslag 16 - 19
Die waarde van jou emosionele binding met jou kind 20
Finansies 21 - 22
Geografiese ligging van kantore 23

# Visie en Missie

## VISIE

Die visie van die CMR NOORD is om hoop te gee aan mense in nood.


## MISSIE

Die missie is om die voorkeur organisasie te wees wat uniek geposisioneer is om in samewerking met ander rolspelers, markverwante maatskaplike diensprogramme te implementeer om die nood van gesinne en gemeenskappe in hoop te omskep.

## WAARDE SISTEEM

Die waardes van 'n organisasie dien as gedragsriglyne waarbinne die visie en missie uitgevoer word. Die waardes word in die onderstaande tabel uiteengesit.

- Die uitlewing van Christelike beginsels met betrekking tot alle handelinge en besluite wat geneem word.
- Om bestaande hulpbronne optimaal en kostedoeltreffend aan te wend.
- Om te alle tye 'n diens van hoogstaande gehalte aan kliënte en donateurs te lewer.
- Om aanspreeklikheid teenoor kliënte en donateurs met betrekking tot alle handelinge, hetsy dienste of finansies te aanvaar.
- Om deurlopend geleenthede daar te stel vir groei en ontwikkeling.





## Beheerraadslede

Ds. Johan van Loggerenberg (Voorsitter)
Dr. G.J Cloete (Ondervoorsitter)
Prof. L. M Brummer (Lid: Finansies)
Dr. F. S Du Plooy (Lid: Gautengkantore)
Dr. D. Schoombee (Lid: Menslike Hulpbronne)
Mnr. J. Masango (Lid: Regsaangeleenthede)
Ds. W. Potgieter (Lid: Limpopokantore)
Ds. C. J. Joubert (Lid: Noord-Weskantore)

# Voorsittersverslag

Vir meer as 80 jaar lewer CMR Noord se personeel dienste aan kinders, gesinne en gemeenskappe.

*Dit maak 'n verskil en bring hoop.*

Die tema van hierdie jaarverslag is: Laat dit asseblief Seën reën sodat ons steeds 'n seën kan wees. Die tema is 'n belydenis van waar ons krag en motivering vandaan kom asook 'n gebed vir die toekoms. Verder 'n erkenning van die Bron van inkomste om te kan doen wat ons moet doen.

Dit is nou tydens jaarverslag tyd dat ons nog meer bewus gemaak word van die verskeidenheid van donateurs wat bereid is om hul seëninge beskikbaar te stel. Die Noordelike Sinode van die N.G. Kerk, die Staatsdepartemente, Korporatiewe instansies asook individuele persone is almal donateurs.

Om so geseën te word, bring die verantwoordelikheid om te sorg dat die bronne reg aangewend word. Wie die jaarverslag lees, sal bewus word dat die fondse met groot verantwoordelikheid asook deursigtigheid gebruik word. Baie dankie vir elke donateur.
Die tema is verder geïnspireer deur die reëns wat die afgelope tydperk weer die damme vul en groot dele van Suid-Afrika weer hoop gee. Die Here voorsien soos Hy deur die jare voorsien het en sal voorsien.

Veranderde tye vra dat ons steeds nuut sal bly dink en slimmer sal bly werk met die seëninge. Die strategiese proses van die laaste jare lewer steeds vrugte. Baie dankie aan 'n toegewyde personeel en Bestuur wat saam dink en beplan en nie bang is om met vertroue kreatief nuwe metodes te beproef nie.

Laat ons dan mekaar bemoedig en aanmoedig om steeds nuwe planne te bedink ten einde die seëninge wat ons ontvang op die beste wyse aan te wend.

Lees gerus die jaarverslag en laat dit u inspireer om steeds u seëninge beskikbaar te stel.

*Aan God al die eer!*

**J. H. van Loggerenberg (Voorsitter)**

# Direkteursboodskap

## Wat 'n voorreg om vir die 82ste keer terugvoer te gee oor die werksaamhede van die CMR Noord!

Die afgelope jaar het baie van ons gebid vir reën. Ons het ewe skielik besef dat ons afhanklik is van hierdie lewensgewende komoditeit wat ons vir so lank as vanselfsprekend aanvaar het.

By CMR gebruik ons baie keer dit wat in ons omgewing gebeur as 'n metafoor vir ons as organisasie. Die afgelope paar jaar het ook by tye soos woestyntyd gevoel. Die omgewing waarbinne ons werk raak al hoe moeiliker. Kinders en gesinne se seer raak groter en in 'n sekere sin leliker, die ekonomie maak dat ons met minder personeel en hulpbronne ons werk moet doen en sisteme wat veral kinders moet beskerm raak minder betroubaar.

Ten spyte van al hierdie sigbare, moeilike goed, herinner die Here my aan die volgende skrifgedeelte: "Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie gevestig op die sigbare dinge nie, want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare is ewig (2 Kor 4:17 en 18).

En toe val die reën en die damme word vol en loop selfs oor... CMR Noord het ook beleef dat die reën begin val en kan met groot dankbaarheid terugkyk op baie seën wat gereën het. Dankie vir elke beheerraadslid, personeellid en bestuurspanlid wat saambid vir die seën wat werklik onsigbare ewigheidswaarde het. Ek wil veral Ds. Johan van Loggerenberg bedank wat oor baie jare heen as voorsitter van die CMR Noord gedien het. Ds. Johan het ons egter aan die einde van September as Voorsitter verlaat agv persoonlike redes. Sy wysheid sal baie gemis word.

My hoop is dat die jaarverslag iets weerspieël van die genade wat ons elke dag ervaar en mag jy as leser aanhou bid dat die seën sal reën in stukkende mense se harte en lewens.





## Bestuurspan

M. Venter (Direkteur)
C. Voogt (Finansies)
A. le Cornu (Bemarking)
Gebiedskantore:
A. van Loggerenberg (GP en KS)
P. Fourie (GP en NW)
N. Mashao (GP)
R. Aylward (GP en NW)
T. Scheepers (LP)
R. Pretorius (KBS)



# Het Jy Geweet?

IN SUID-AFRIKA

**65%**
van alle kinders blootgestel aan fisiese geweld

'n Maatskaplike werker wat in deel is van ons kinderbeskermingsentrum, spandeer 'n gemiddeld van
**44**
ure per maand by die kinderhof

**25%**
van kinders blootgestel aan emosionele mishandeling

**1 uit 5**
kinders is dus blootgestel aan seksuele mishandeling

**30%**
van dogters blootgestel aan seksuele geweld

**1 uit 3**
dogters is blootgestel aan seksuele mishandeling

Slegs
**1 uit 9**
sake word egter aangemeld

**20%**
van kinders is blootgestel aan seksuele mishandeling = 4.2 miljoen kinders

**1 uit 5**
kinders word fisies erg beseer

**75%**
van die bg. 20% is dogters = 3.16 miljoen dogters

**70%**
van mishandelde kinders sal eendag ook self hulle kinders mishandel

Dit kos CMR Noord
**R 7500**
om 'n kind deur die kinderhofproses te neem

## Mishandeling HET 'N INVLOED OP BREINONTWIKKELING:

- Verbale mishandeling lei tot 'n agterstand in taalontwikkeling.
- Seksuele mishandeling het 'n invloed op abstrakte denke en emosionele kontrole.
- Emosionele mishandeling het 'n invloed op die kind se ontwikkeling, selfbewussyn en empatie.

# Programme Van Hoop

SOVEEL MENSE HET ONS DIE **AFGELOPE JAAR** SAAM OP ONS REIS NA **HOOP GENEEM**



Versterk Gesinne (Gesinsbewaring):
**3500** gesinne bereik



Kinderbeskerming
**930** kinders deur wetlike proses beveilig



Nuwe gesinne (Pleegsorg en Aannemings):
**121** gesinne



Genees Gebrokenheid (Terapie en Assesserings):
**313** kinders deur CMR Noord Kindersentrum bereik
**1535** kinders deur ander hulpbronne bereik (ingesluit kunsterapie en mediese intervensie)



Armoedeverligting en Gemeenskapsontwikkeling
**1000** gesinne gehelp met materiële ondersteuning



Ongeveer
**17500** Kinders deur Kinderdagprogramme bereik

Gesinsbewaring



Kinderbeskerming



Armoedeverligting en Gemeenskapsontwikkeling





## Totale Bereik:

| | |
|---|---|
| Aantal Kinders: | 25 000 |
| Aantal Volwassenes: | 5 700 |
| Totaal: | 30 700 |

# Gesinsbewaring

Gesinsbewaring word 'n toenemende fokus van die Maatskaplike werkdienste wat deur CMR Noord gelewer word. Maatskaplike werkers is baie meer betrokke by terapie in gemeenskappe as in die verlede. In die laaste jaar het meer as 'n 1500 kinders terapie ontvang. Hierdie verskuiwing in fokus bring ook mee dat daar in sekere areas beslis 'n afname in sake is waar kinders formeel beveilig moet word.


Die ouerleidingsgroepe wat deur die CMR Noord aangebied is, het meer as 300 volwassenes bereik.

Die gesinsbewaringsprogram sluit die volgende in:

- Groepwerk met kinders
- Ouerleiding en terapeutiese groepe met ouers
- Huweliksberading
- Egskeidingsbegeleiding
- Lewensvaardighede
- Traumaberading
- Terapie by skole
- Voorkoming en behandeling van substansmisbruik

*There can be no keener revelation of a society's soul than the way in which it treats its children.*

Nelson Mandela






# Kinderbeskerming



Kinderberskerming is die program waarop CMR Noord oorwegend op fokus. Hierdie program is gefokus om kinders wat hulself in moeilike omstandighede bevind, te ondersteun en te beveilig om uiteindelik ook hierdie omstandighede te oorkom.

Wanneer daar na statistiek gekyk word, is die hartseer werklikheid dat kinders wat blootgestel word aan mishandeling en verwaarlosing aan die toeneem is. 'n Verdere kommerwekkende tendens is dat daar al hoe meer kinders tussen die ouderdom van 10 en 14 is wat gediagnoseer word met ernstige gedrags – en persoonlikheidsafwykings.

## KINDERBESKERMINGSENTRUM (KBS):

In die afgelope jaar het die Sentrum van Hoop 410 sake hanteer, 12 sake minder as die vorige jaar. 578 kinders is deur hierdie sentrum bereik. Meer as helfte van die sake wat op ons tafel beland het was as gevolg van egskeidings. Hierdie sake word deur die hof na Maatskaplike werkers verwys om onder andere seker te maak dat beide ouers toegang tot en kontak met hul kinders het. Maatskaplike werkers moet hier die wysheid van Salomo toepas om die saak te medieer.

## CMR NOORD KINDERSENTRUM:

Die sentrum gaan voort om spesialisdienste te lewer. In die afgelope jaar is die volgende dienste gelewer:

- Asesserings- en terapeutiese dienste (313 kinders bereik)
- Pleegsorgkeuringsdienste (95 pleegsorgkeurings afgehandel)
- Aannemingsdienste (626 mense bereik)
- 52 babas geplaas in plek van veiligheid via die krisisswangerskapondersteuning.

*Navorsing rondom seksuele kindermishandeling het skokkend statistieke ontbloot. Kinders is drie keer meer geneig om verkrag te word as volwassenes. Nog meer skokkend is die feit dat mishandeling deur vreemdelinge by verre die minderheid van hierdie gevalle is. Die kans dat kinders seksueel mishandel word deur 'n familielid of 'n betroubare volwassene is ongelukkig baie groter.*

www.mobieg.co.za.

# Armoedeverligting en Gemeenskapsontwikkeling

Mense kry ekonomies baie swaar. Dit is 'n daaglikse realiteit by CMR Noord. Ons kantore moet al hoe meer gesinne ondersteun met kos en klere.

Die program fokus egter nie net daarop om uit te deel nie, maar het ten doel om mense te ondersteun om hulleself te help. Verskeie vaardigheidsgroepe word aangebied by kantore.

Verder is die program ook 'n voertuig om bewusmakingsveldtogte van staple te stuur.

CMR Noord poog om deur middel van 'n paar intervensies gesinne te ondersteun en veral hul menswaardigheid te herstel.

- Vaardigheidsontwikkeling: Naaldwerkgroepe en ander handvaardigheid.
- Materiële ondersteuning deur middel van kospakkies en klere (ongeveer 3000 mense is hierdeur bereik)
- Bewusmakingsveldtogte: Kinderbeskermingsweek en 16 dae van Aktivisme teen geweld teen vroue en kinders (bykans 18 000 mense is hierdeur bereik).
- Betrokkenheid by en bestuur van Voorskoolse Ontwikkelingsprogramme.

**Vraag?**

Wat sal **jy** doen met R531/maand?





# Armoede

StatsSA gebruik die "poverty line" om armoede te meet. Die poverty line verteenwoordig die **bedrag geld wat 'n persoon maandeliks benodig om kos te koop wat 2100 kaloriee per dag bevat**.
2,100 kaloriee per dag is die minimum daaglikse energie vereiste waarop iemand kan leef in 'n noodtoestand volgens die VN.
Mense wat onder die drumpel leef word geag om in ekstreme armoede te leef.

In 2017 is die bedrag wat 'n persoon nodig gehad het om bo die poverty line te leef, R531 per maand.

Die skokkende werklikheid in SA is dat **meer 25%** van ons bevolking onder hierdie bedrag moet probeer oorleef!


Red 'n Kind
ADOPTIONS
ASSESSMENTS


FINANCE
DEPARTMENT
HOPE
DANKIE

# Storie van hoop

deur Sandra van der Merwe

(aannemings maatskaplike werker)





# “Ek is ‘n kunstenaar”

Sestien jaar gelede het ek ‘n klein babatjie na ‘n sentrum vir HIV+ kinders geneem waar hy versorg sou word. Alhoewel sy biologiese mamma toestemming tot sy aanneming gegee het, kon daar nie vir hom aanneemouers gevind word nie weens sy HIV status.

Vroeër hierdie jaar ontvang ek ‘n telefoonoproep vanaf die sentrum. Die babatjie het intussen ‘n tienerseun met moeilike gedrag geword wat hulle nie langer kon hanteer nie. Dit was nou my verantwoordelikheid om vir hom alternatiewe versorging te vind.

Nadat ek die verskillende opsies ondersoek het, het ek by my lessenaar gesit en gedink: *“Hoe gaan ek ‘n moeilike tienerseun inpas by my besige daaglikse skedule van babas wat my aandag opeis”*

Op pad na die sentrum toe is my gebed: *“Asseblief Vader, wees met my, want ek verwag vandag om baie blaam te ontvang”*.

Dit was doodstil waar ek en die tienerseun in die vertrek sit; hy ‘n skraal seun wat my bewegings agterdogtig dophou en my gebed is net: *“Vader, waar begin ek?”*

## Ek begin toe maar by die begin.

*“Weet jy dit is ek wat jou as baba hierheen gebring het?”*

*“Nee”*

*“Het jy geweet ek het jou mamma geken?”*

*“Nee... Leef sy?”*

*“Ek weet nie, maar ek sal probeer uitvind. Het jy geweet sy het jou naam vir jou gegee?”*

*“Nee”*

*“Weet jy wat beteken jou naam?”*

*“Ja... Praise God well.”*

*“Het jy geweet you ma het Afrikaans gepraat?”*

*“Nee”*

*“Kan jy iets in Afrikaans sê?”*

*“Ja – Goeie Môre.”* Daar was ‘n glimlag om sy lippe.

*“Kan ek jou vertel waarvan jou ma gehou het?”*

*“Ja”*

*“Sy het van atletiek en koor gehou - waarvan hou jy?”*

*“Teken”*

Ek het vir hom ‘n tekenboek geneem en hy het vir my ‘n skets gemaak en met elke besoek was daar meer sketse. Ek het sy toestemming gevra om sy skets te laat ontwikkel.

Op pad na sy nuwe skool toe, wys ek hom die fotos met die woorde – Jy kan eendag ‘n kunstenaar word.

By sy nuwe skool wil die paneel by ons weet wat is sy positiewe eienskappe. Sonder aarseling is sy antwoord: *“Ek is ‘n kunstenaar”*. Die personeel het goedkeuring gegee dat sy tekenboek vir hom in die kantoor gehou kan word sodat hy kan voortgaan met sy sketse.

Soms mag hy my skakel en dan vertel hy my dat hy aan ‘n inkleurwedstryd deelgeneem het en dat ek hom mag besoek tydens hulle opedag. Hy sal hou van ‘n sappie en dalk KFC.

Hy toon geen moeilike gedrag nie en het goed aangepas by sy nuwe skool. CMR het vir hom die konneksie geword tussen sy verlede en sy toekoms en het vir hom Hoop gegee.

Skets deur die “kunstenaar”:



# Bemarking en Fondswerwing

*"Reën is genade;*
*reën is die hemel wat*
*aarde toe neerdaal;*
*sonder reën is daar*
*geen LEWE nie"*

John Updike

**Sonder reën is daar nie lewe nie- en elke druppel is 'n seën van Bo**. Dus is ons jaarverslag se tema hierdie jaar baie gepas- Seën van Bo. Elke druppel finansiële "seën" wat ons ontvang kan 'n LEWE RED!

Ons is weereens dankbaar vir die tydperk 2017/8 se oorvloed seëninge wat ons met kinders in nood kan deel. Een druppel reën maak nie noodwendig dadelik 'n verskil nie, maar 'n hele gordyn van reëndruppels wat neerval het die vermoë om 'n vloed te veroorsaak! Ons wil graag hê u moet u seën sien as 'n vloed besig om te ontstaan, wat kinders in OORVLOED sal seën! Dankie aan elke liewe individu en korporatiewe of ander instansie wat bygedra het tot die sukses van die projek die afgelope jaar en vir die SEËN wat as gevolg daarvan gereën het op die CMR kinders!

## KINDERBESKERMINGSWEEK 2017




Die Dagbreek Trust het weereens 'n impakvolle bydrae gemaak tot die CMR Noord se Kinderbeskermingsweek. Verskeie skole in Pretoria, Noord-Wes en Limpopo is besoek en kinders se waarde en regte is onder andere bespreek. By sommige skole is spaarbussies uitgedeel, waarmee hulle geld kon insamel om die Red-'n-Kind Projek te ondersteun.



Leerlinge het die **skoentjies volgemaak**- en so het skole saamgespan om **fondse** in te samel vir die CMR Noord.





## 8ste JAARLIKSE RED-'N-KIND **GHOLFDAG** TE PRETORIA BUITEKLUB OP 30 AUGUSTUS 2017

- Tema – A World of Hope in 18 Holes
- 120 spelers
- Dust-a-Side en Saxeni ons hoofborge
- "Ondervindings" saam met bekendes is as pryse uitgeloof of op die veiling verkoop (bv gesprek met jou maatskappy deur Dawie Roodt, agter die verhoog ontmoet: Francois van Coke, gholf speel saam Jay van EDEN)



**DANKIE** aan alle **spelers, borge, organiseerders** van hierdie dag!.

## DERDE JAARLIKSE **WYNVEILING** @ PRETORIA BUITEKLUB OP 22 JUNIE 2017

- Hoofborg – Goose Wines
  Medeborg - VANS Auctioneers
- "Bottomless Coffee" Band het opgetree- al die pad van die Kaap af!




**"Retief Goosen Foundation"** het 'n **groot donasie** gemaak, dankie!

## "LAAT DAAR LIG WEES" **KERSPROJEK** 2017

- CMR banier met liggies is by NG kerk Lynnwood opgerig
- Daar is vir 900 kinders se geskenkies gesorg, ons het ook probeer om vir elke kind 'n Bybel te gee saam met sy geskenkie
- 'n Bedrag van R10 000 is ook ingesamel vir terapie dmv die Kersprojek



Die doel van die "Laat daar Lig Wees" Kersprojek is om die wonderlike gevoel van liefde te deel met behoeftige gesinne en kinders in ons gemeenskap en weer **HOOP te gee vir die Nuwe Jaar wat voorlê.** Dankie aan almal wat kinders se wense waar gemaak het en vir al die pragtige geskenkies wat hulle gesiggies laat ophelder het.

Ons is ook innig dankbaar vir die wat gesorg het dat baie van ons gesinne en HAWELOSES die keer spesiale kospakkies ontvang het oor die Kerseisoen.

## **PAASONTBYT** - 14 MAART 2018

- 'n Paasontbyt is vir 80 vrouens aangebied ten bate van die Red-n-Kind Projek @ Ivory Manor Boutique Hotel
- Kinna Van Der Westhuizen het dekorplanne vir die Paastafel bespreek en die sjef het vir die vrouens die heerlikste Paasfees resepte en disse gedemonstreer



# 'n Woord van Dank

**Dankie aan elke liewe persoon** en instansie wat bygedra het tot die afgelope jaar se seëninge- wat nou mildelik op kinders en gesinne kon reën. **Mag julle werklik geseën word, omdat julle ander so seën!**

- Alle dank en eer aan die Here wat ten spyte van ons ongeloof so baie keer, ons verras met genade en seën sonder perke.
- Aan die CMR Noord beheerraad, wat met wysheid en toegewydheid saam met die organisasie 'n pad stap – dankie!
- Dankie aan elke CMRaad wat die dienste in 17 gemeenskappe oor 3 provinsies moontlik maak.
- Dankie aan elke personeellid binne die CMR sisteem. Julle is regtig die hande en voete wat met soveel deernis en toewyding die eerste linie is wat HOOP in mense se lewens bring.
- Baie dankie aan die Noordelike Sinode van die NG Kerk wat ons oor 80 jaar ondersteun en dra.
- Aan elke vrywilliger wat ons ondersteun: Baie dankie!

## Dankie aan die volgende vennote

- Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
- Beeld Kinderfonds
- GO Apps Media
- SAPD
- Kinderhof (Departement van Justisie)
- Individuele en korporatiewe donateurs

# We've met many people along our journey.

UNFORTUNATELY WE MET MANY WHO DID WRONG, BUT WE WERE BLESSED TO MEET MANY TO WHOM DOING RIGHT WAS THE ONLY WAY TO JOURNEY. WE MET MANY WHO PREFERRED TO LOOK THE OTHER WAY BUT WE ALSO JOURNEYED WITH THOSE WHO STARED ADVERSITY IN THE FACE, NO, IN FACT LOOKED BEYOND IT TO GET TO A BETTER PLACE. WE MET SOME WHO HATED, BUT SO MANY MORE WHO SHOWED US WHAT LOVE TRULY IS. AND YES, ALONG THIS JOURNEY WE MET MANY WHO TOOK THAT WHICH WAS NOT THEIRS OR WHO CHOSE TO KEEP WHAT THEY DID HAVE ALL TO THEMSELVES, BUT OH DID WE MEET MANY WHO IF WE HAD ASKED WOULD HAVE GIVEN THEIR VERY LAST, WITHOUT EVERY EXPECTING ANYTHING IN RETURN. IT HAS BEEN AN AMAZING JOURNEY. WE ARE TRULY BLESSED TO SAY THAT WE CONTINUE TO MEET MORE PEOPLE LIKE YOU EVERYDAY, THAT WHEN ASKED TO BRING HOPE TO THOSE IN NEED, RISE TO THE OCCASION AND NO MATTER WHAT IT TAKES TO MAKE A DIFFERENCE SIMPLY JUST DO IT.

CMRSC
Ons gee hoop
We give hope




# Die waarde van jou emosionele binding met jou kind

**'n Kind se heel eerste verhouding – gewoonlik met sy mamma - lê die fondasie vir sy emosionele welstand en sy verhoudings in die toekoms.** Navorsing het bewys dat kinders wat veilige emosionele bindings met hul ouer/s gevorm het, na hul ouers toe draai in moeilike tye, beter probleme kan oplos, beter oor die weg kom met hul maatjies, beter voel oor hulself en dat hulle die mense vir wie hul lief is, vertrou.

**Maar... hoe word so 'n veilige binding gevorm?**

Die eerste drie jaar van 'n kind se lewe is krities in die vorming van emosionele bindings. Babatjies is totaal afhanklik van hul versorgers om hul fisiese en emosionele behoeftes aan te spreek en te bevredig. 'n Mamma se nommer een prioriteit is om haar baba se fisiese behoeftes te bevredig, maar dit gaan nie net oor fisiese behoeftes nie, maar ook oor haar baba se emosionele behoeftes. Babatjies moet veilig voel. Hulle moet weet dat wanneer hulle huil, sal iemand aan hulle aandag gee. Hulle het 'n mamma nodig wat vreugde vind in hul bestaan. 'n Mamma wat oogkontak maak, saam gesels en haar baba geniet. 'n Mamma wat met verloop van tyd, haar baba leer ken en weet hoe om te troos. 'n Mamma wat ook haar kleintjie toelaat om die wêreld om hom of haar te verken, om maatjies te maak en ook lief te raak vir ander mense – en wat altyd 'n veilige hawe is om na terug te kom.

Alhoewel die eerste drie jaar krities is, is die jare tot op ouderdom ses / sewe jaar, ook baie belangrik. 'n Kind se wêreld raak dan groter en hul ouerhuis moet steeds 'n veilige plek wees waarna hulle kan terugkeer om hul emosionele batterye te herlaai. In besige lewens waar baie eise aan mammas en pappas gestel word, moet hulle nog steeds tyd maak om met hulle kinders te gesels, om te speel en om saam te wees. Kinders het die veiligheid van roetine en konsekwente dissipline nodig. Hulle moet weet dat hulle altyd kan staatmaak op hulle ouers om daar te wees vir hulle. Hulle moet weet dat wanneer hulle droogmaak of nonsens aanjaag, hulle liefdevol gedissiplineer sal word, maar nooit verwerp sal word nie. Kinders moet weet dat hulle geliefd is bo alles.

'n Veilige emosionele binding is beide sterk en baie kwesbaar. Ons kan nie net aanvaar dat daardie binding gesond is nie – dit is iets wat ons altyd in stand moet hou – selfs tot ons kinders tieners en uit die huis uit is. Hoe doen ons dit? Deur tyd te maak. Deur geinteresseerd te wees en werklik na hulle te luister. Deur in ag te neem wat vir hulle belangrik is, wat hulle harte seer maak en waar hulle kwesbaar is. Deur steeds saam te speel en om saam te lag. Deur altyd te probeer verstaan voor ons oordeel. Jou band met jou kind is wat die grondslag lê vir toekomstige verhoudings – dit is van onskatbare waarde.

Wat gemaak as dinge verkeerd geloop het en ek bekommerd is oor daardie binding? Vra vir hulp. Daar is baie mense wat opgelei is om te kan help. Terapeute, maatskaplike werkers, sielkundiges en ander kundiges kan leiding gee. Jý kan hulp kry, jou kind kan hulp kry en kundiges kan help om daardie binding gesond te maak en te versterk. Moet dit nie los nie, moenie opgee nie en moenie dink dit sal sommer vanself regkom nie. Meeste kinders word met 'n inherente behoefte gebore om 'n liefdevolle en gesonde verhouding met hul ouers te hê – al het hierdie verhouding skade gely, is daar bykans altyd hoop dat so 'n verhouding genees kan word.

Deur Illana Karam
*Terapeut/ Maatskaplike Werker*
*Elpida Trust (PierneefMed Villieria)*

# Finansies



**Bronne van Inkomste:**
CMR Noord (Bestuur en Kindersentrum)

- Subsidie ____ 40.68%
- Rente ____ 0.64%
- Fooie ____ 19.59%
- NG Kerk ____ 20.52%
- Algemene Fondswerwing ____ 18.56%




**Bronne van Inkomste:**
CMRade: Gauteng, Limpopo en Noord Wes

- Subsidie ____ 47.65%
- Rente ____ 1.05%
- Fooie ____ 3.13%
- NG Kerk ____ 10.70%
- Algemene Fondswerwing ____ 13.89%
- Lotto ____ 8.42%
- Trust ____ 9.71%
- Hulp: Noord Red 'n Kind ____ 5.45%

**Bronne van Inkomste:**
Opsomming van diagram 1 en 2


- Subsidie ____ 44.60%
- Rente ____ 0.87%
- Fooie ____ 10.33%
- NG Kerk ____ 14.99%
- Algemene Fondswerwing ____ 15.93%
- Lotto ____ 4.74%
- Trust ____ 5.47%
- Hulp: Noord Red 'n Kind ____ 3.07%



# Finansies

## **GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE** VIR DIE JAAR GEEINDIG MAART 2018





## CMR NOORD
(INGELYFDE VERENIGING SONDER WINSOOGMERK)

| | 2017/2018 |
|---|---|
| **Inkomstes** | **Werklik** |
| Fooie en Heffing | 1 643 242 |
| Rente | 56 419 |
| Subsidie | 3 576 236 |
| Kerkbydraes | 1 804 350 |
| B-BBEE | 161 100 |
| Fondsinsameling | 1 470 715 |
| Verkope: Toerusting / Versekeringseise | 79 812 |
| **TOTAAL:** | **8 791 244** |

| **UITGAWES** | **Werklik** |
|---|---|
| Personeel Uitgawes | 8 474 567 |
| Grond en geboue | 317 549 |
| Huishoudelike - Dienste Uitgawes | 35 675 |
| Kantooruitgawes | 276 152 |
| Vervoer Uitgawes | 135 255 |
| Bemarking | 70 745 |
| Finansiële Uitgawes | 50 245 |
| Versekering | 68 652 |
| Opleiding | 75 588 |
| Kapitale Uitgawes | 61 282 |
| Diverse en Voorsienings | 36 067 |
| **TOTAAL:** | **9 601 777** |
| **SURPLUS / TEKORT** | **810 533** |

| **Noodhulp en projekte** | |
|---|---|
| Inkomste | 2 391 988 |
| Uitgawes | (798,355) |
| Netto Surplus: Projekte | 1 593 653 |

## BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 2018


| | |
|---|---|
| Bates | 154 945 |
| Kontant Ekwivalente | 6 767 596 |
| Debiteure | 563 160 |
| Voorraad | 30 832 |
| **TOTALE BATES** | **7 516 533** |
| Projekte fonds | 5 938 841 |
| Kapitaal en ander Reserwe | 522 039 |
| **BEDRYFSLASTE** | |
| Krediteure | 1 055 653 |
| **TOTALE: Ekwiteite en Laste** | **7 516 533** |

*Volledige geouditeerde state is op aanvraag beskikbaar*

# Geografiese ligging van kantore

## CMR NOORD IN SAMEWERKING MET **SATELLIET KANTORE**

| | KANTOOR: | TELEFOON NOMMER: | E-POS: |
|---|---|---|---|
| **Gauteng:** | Ondersteuning | 012 460 9272 | cmr@cmrn.co.za |
| | Bemarking | 012 460 9272 | marketing@cmrn.co.za |
| | Kindersentrum | 012 333 0421 | yolanda@cmrn.co.za |
| | Kinderbeskermingsentrum | 012 660 2366 | manager1@cmrn.co.za |
| | Daspoort/Pta Wes | 012 379 5860 | cmr5@cmrn.co.za |
| | Derdepoort | 012 800 4866 | derdepoort@cmrn.co.za |
| | Moot | 065 818 5489 | moot@cmrn.co.za |
| | Pretoria Noord | 065 817 6162 | ptanoord@cmrn.co.za |
| | Pretoria Sentraal: | | |
| | • VOS Gemeenskapsentrum | 012 341 2318 | |
| | • Lynnwood | 012 348 0003 | sentraal@cmrn.co.za |
| | Lotus Gardens | 065 815 2240 | neo@cmrn.co.za |
| | Soshanguve | 071 438 9973 | sosh@cmrn.co.za |
| | Valhalla | 012 660 2366 | valhalla@cmrn.co.za |
| | Wonderboom | 012 567 4551 | wonderb@cmrn.co.za |
| **Limpopo:** | Louis Trichardt | 015 516 5115 | louistrichardt@cmrn.co.za |
| | Messina (Musina) | 015 534 0245 | messina@cmrn.co.za |
| | Warmbad (Bela Bela) | 014 736 2557 | cmrwarmbad@cmrw.co.za |
| **Noord-Wes:** | Brits | 012 252 3207 | britscmr@telkomsa.net |
| | Rustenburg | 014 000 2151 | izellecmrrust@gmail.com |



# **Hoop versprei vinnig.**
Maak 'n kits donasie.

"Snap" om 'n
skenking te maak

SnapScan



## KONTAK ONS

http://christianfostercaresa.wordpress.com

http://youtube/X9m1kbjRfh8

www.cmrn.co.za

/cmrnoord

/saveachildproject

@CMR_Noord

**Adres:** Posbus 2037, Groenkloof, 0027 | **Tel:** (012) 460 9272/3/4 | **Faks:** (012) 460 8531
**Fax2mail:** 086 524 4589 | **Epos:** cmr@cmrn.co.za | www.cmrn.co.za

**NPO Reg no. 015-917**